

Bybelstudie: 1 Johannes.

1. Die Inhoud van die Brief:

Dis baie moeilik om 'n indeling van die boek te gee, want dit behandel verskillende sake. Die sake word ook nie een-een afgehandel nie. Die Skrywer kom dikwels terug na sake toe waaroor hy vantevore geskryf het.

Van die onderwerpe wat in die brief behandel word, is:

- Leerstellings oor **God**:

- Hoofstuk 4:12

Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. (1 Johannes 4:12 AFR53)

- Hoofstuk 5:20 - **die Drie-Eenheid**

En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe. (1 Johannes 5:20 AFR53)

- Hoofstuk: 1:2 **God se Vaderskap**

...en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is— (1 Johannes 1:2 AFR53)

- Leerstellings oor **tydelike bestaan**

- Hoofstuk 2:17: **Skepping**

En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig. (1 Johannes 2:17 AFR53)

- Hoofstuk 2:9: **God en die mens**

Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. (1 Johannes 2:9 AFR53)

- Hoofstuk 3:19: **Die aard/natuur van die mens**

En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, (1 Johannes 3:19 AFR53)

- Hoofstuk 2:13: **Die duiwel**

Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken. (1 Johannes 2:13 AFR53)

- Hoofstuk 1:9 en 5:16: **Sonde**

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. (1 Johannes 1:9 AFR53)

As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie. (1 Johannes 5:16 AFR53)

- Leerstellings oor die Antichris(te)
 - Hoofstuk 2:18, 22 en weer in hoofstuk 4:3: **Antichriste**

Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. (1 Johannes 2:18 AFR53)

Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. (1 Johannes 2:22 AFR53)

...en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. (1 Johannes 4:3 AFR53)

- Leerstellings oor **naasteliefde**.
 - Hoofstuk 2:7vv.; weer in hoofstuk 3:11vv.; hoofstuk 4:7vv.; hoofstuk 5:1vv. **Broederliefde**

Hoofstuk 2:7vv.

7. **Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af gehoor het.**
8. **En tog skryf ek aan julle 'n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds.**
9. **Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe.**
10. **Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie.**
11. **Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.**

- Leerstellings oor **die bewaring van God se gebooie**
 - Hoofstuk 2:4; 3:22vv.; weer in hoofstuk 5:3:

Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. (1 Johannes 2:4 AFR53)

2. **Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.**
3. **En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.**
4. **Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.**
5. **En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.**
6. **Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.** (1 Johannes 3:2-6 AFR53)

Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. (1 Johannes 5:2-3 AFR53)

2. **Dit is ook moontlik om die brief op 'n ander manier in te deel:**

- **Die eerste deel: hoofstuk 1:1- 4**
- **Die tweede deel: Hoofstuk 1:5 - 2:17**
- **Die derde deel: Hoofstuk 2:18 - 3:**
- **Die vierde deel: Hoofstuk 4:1 - 5:12**
- **Die vyfde deel: Hoofstuk 5:13 - 21**

3. **Uiteensetting:**

3.1. Die eerste deel: hoofstuk 1:1- 4

Die Evangelie soos dit uitkom in onderlinge gemeenskap en vreugde.

3.2. Die tweede deel: Hoofstuk 1:5 - 2:17

Lewe en die vir wie die gebied word.

- Hoofstuk 1:5-10: **Die wese van God en die verhouding tussen ons en God wat daaruit voortvloei.**
- Hoofstuk 2:1-6: **Die kuur vir sonde en die teken van die effektiwiteit daarvan.**
- Hoofstuk 2:7-11: **Gehoorzaamheid in liefde toegepas op die werklike lewe.**
- Hoofstuk 2:12-17: **Tydlike en ewige dinge**

3.3. Die derde deel: Hoofstuk 2:18 - 4:6:

Die konflik tussen waarheid en dwaling – inwendig en uitwendig.

- Hoofstuk 2:18-29: **Die openbaring van die verskil tussen dwaalleer en die waarheid.**
- Hoofstuk 3:1-12: **Die kinders van God en die kinders van die duiwel.**
- Hoofstuk 3:13-24: **Broederskap in Christus en die haat van die wêreld.**
- Hoofstuk 4:1-6: **Die konflik tuessen waarheid en dwaling.**

3.4. Die vierde deel: Hoofstuk 4:1 - 5:12

Christelike lewe: Die oorwinning deur die Gees

- Hoofstuk 4:7-21: **Die gees van die Christelike lewe: God en liefde.**
- Hoofstuk 5:1-12: **Die krag van die Christelike lewe: Oorwinning en getuienis van die geloof.**

3.5. Die vyfde deel: Hoofstuk 5:13 - 21

- Hoofstuk 5:13-21: **Die optrede en vertrouwe van Christelike lewe: Naskrif.**